## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**


**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 MEI 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester - waarnemend |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. WA Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. JP Sass | : | Bestuurder: Finansiële State en Beheer |
| Mev. L Louw | : | Rekenmeester: Finansiële State en Beheer |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Mev. AA Barry | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN016/05/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

'n Minuut van stille gebed word gehandhaaf, waarna die Speaker almal teenwoordig verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die publiek en Raadslid R Swartz, Speaker van Weskus Distriksmunisipaliteit, wat die vergadering bywoon.

***

**RVN017/05/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN018/05/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsdame Smit verklaar haar belange ten opsigte van item: RVN033.

***

**RVN019/05/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 09 APRIL 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Maandag 09 April 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN020/05/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 APRIL 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 24 April 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN021/05/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 09 APRIL 2018**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder en die Bestuurder: Strategiese Dienste gee mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Maandag 09 April 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN022/05/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 APRIL 2018**
**3/3/2/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 24 April 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN023/05/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN024/05/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededeling:

- Dat Raadsdame Smit op Saterdag 09 Junie 2018 verjaar en wens haar geluk en voorspoed toe.

***

**RVN025/05/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN026/05/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN027/05/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: INSTELLING VAN 'N SPESIALE KOMITEE OM OORTREDERS VAN DIE GEDRAGSKODE TE ONDERSOEK**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat 'n Spesiale Komitee soos bedoel by item 14 van die Gedragskode vir Raadslede (Skedule 1 van die Stelselswet) ingestel word om –
   1.1 ondersoek te doen oor en 'n bevinding te maak oor enige beweerde oortreding van die Gedragskode deur 'n raadslid;
   1.2 om toepaslike aanbevelings aan die raad te maak ten opsigte van 'n gepaste sanksie;

2. Dat die Spesiale Komitee uit 3 (drie) raadslede bestaan, verteenwoordig deur die politieke partye as volg –
   2.1 DA – 2 lede;
   2.2 ANC – 1 lid;

3. Dat alternatiewe lede (secundi) ook aangewys word om in te staan vir lede wat of afwesig mag wees of om regsredes nie aan verrigtinge van die komitee mag deelneem nie;

4. Dat die volgende raadslede as lede en alternatiewe lede van die Spesiale Komitee aangewys word –
   4.1 As verteenwoordigers van die DA:
      i. Rdh. van Rooy en as secundus, Rdl Wessels;
      ii. Rdl. Daniels en as secundus, Rdl Small (me);
   4.2 As verteenwoordigers van die ANC:
      i. Rdh. J Swart en as secundus, Rdd. Smit;

5. Dat Raadsheer RM van Rooy as Voorsitter van die Spesiale Komitee aangewys word;

6. Dat die kworum vir 'n vergadering van die Spesiale Komitee die meerderheid van die getal lede van die komitee is, naamlik 2; en

7. Dat die Voorsitter van die Spesiale Komitee, SALGA, Departement Plaaslike Regering: Wes-Kaap en/of 'n onafhanklike regsgeleerde kan ko-opteer vir tegniese regsadvies soos benodig.

***

**RVN028/05/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: RAPPORTERING AAN DIE RAAD IN TERME VAN ITEM 13(1)(c) EN ITEM 13(2) VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE SOOS VERVAT IN SKEDULE 1 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELSWET, 2000 (WET 32 VAN 2000)**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking. Hy neem die Raad deur die verslag en aanbeveling, vir oorweging.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die kwessie in terme van Item 13(1)(c) en van die feit dat Item 13(1)(a) en 13(1)(b) reeds afgehandel is, soos vereis deur Skedule 1 van die Stelselswet; en
2. Dat die saak verwys word na die Spesiale Komitee soos aangestel deur die Raad vir ondersoek en bevinding en aanbeveling aan die Raad ten opsigte van sanksie.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN029/05/2018**
**BEHUISING: VYF (5) VAKANTE ERWE, VELDDRIF**
**9/1/2**

Weens 'n tekort aan inligting, versoek die Raad dat die item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir verdere bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die verslag terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, vir bespreking; en
2. Dat 'n opvolg verslag saamgestel word met inbegrip van die volgende aspekte, naamlik:
   - Die grootte van die erwe;
   - 'n Kaart wat spesifiek die ligging van die erwe aandui.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN030/05/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN AURORA GEMEENSKAPSAAL (A. 239 TOT 242)**
**7/1/3/2**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raad.

**REGSTELLING**

Dat die volgende paragraaf soos volg lees (paragraaf 4):

...t toestemming verleen word dat 'n maksimum van 20 kleuters die gebou mag gebruik.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die gedeelte van Aurora Gemeenskapsaal nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;
2. Dat herstelwerk/instandhouding van die gebou eers plaasvind voor die kleuterskool geakkommodeer word ooreenkomstig die inspeksie verslag van Weskus Distriksmunisipaliteit se Omgewingsgesondheidsbeampte en die Bergrivier Munisipaliteit se Hoof: Rampbestuur en Brandveiligheid en dat die herstelwerk afgehandel word voor 30 Junie 2018;
3. Dat die Raad se Voorneme om 'n Gedeelte van Aurora Gemeenskapsaal te verhuur vir 'n tydperk van drie (3) jaar teen R100.00 per maand (BTW ingesluit) geadverteer word vir 30 dae vir publieke kommentaar/beswaar en indien geen vertoë ontvang word, daar voortgegaan word met verhuring onderhewig aan die volgende voorwaardes:
   - 3.1 Dat die kleuterskool voldoen aan die vereistes van Weskus Distriksmunisipaliteit se inspeksie verslag (1603) en kommentaar uiteengesit in hul skrywe van kommentaar met verwysing 12/3/1/5 gedateer 14 Mei 2018, asook die voorwaardes van Bergrivier Munisipaliteit se Hoof: Rampbestuur en Brandveiligheid;
   - 3.2 Bewyse van nakoming by punt no.3.1 voorsien word aan hierdie munisipaliteit binne 90 dae van hierdie besluit;
   - 3.3 Dat die Munisipale Bestuurder 'n huurkontrak met die bewaarskool sluit en die proses administratief afhandel; en
4. Dat toestemming verleen word dat 'n maksimum van 20 kleuters die gebou mag gebruik.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN031/05/2018**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN ERF 1101 PIKETBERG (WATSONIA SPORTGROND) (PB.1101)</u>**
**7/2/3/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raad.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat verhuring van 'n Gedeelte (±56m² groot) van Erf 1101, Piketberg (Watsonia Sportgrond) ten einde 'n 25m vrystaande telekommunikasie basisstasie toe te laat **GOEDGEKEUR** word;

2. Dat die Raad se voorneme om 'n Gedeelte (±56m² groot) van Erf 1101, Piketberg (Watsonia Sportgrond) aan Eagle Towers SA (Pty) Ltd te verhuur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande teen R6000.00 per maand (ingesluit 'n jaarlikse eskalasie van CPI), geadverteer word vir 30 dae vir publieke kommentaar en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verhuring van die eiendom onderhewig aan die volgende voorwaardes:

   2.1 'n Elektriese mini-sub voorsien moet word op die vereistes soos onderhandel en ooreengekom deur Eagle Towers SA (Pty) Ltd en die Tegniese Direktoraat van Bergrivier Munisipaliteit, ten einde die voorgestelde vrystaande telekommunikasie basisstasie te akkommodeer;

   2.2 Toestemming verleen word aan Eagle Towers SA (Pty) Ltd om aansoek te doen vir vergunningsgebruik ten einde 'n 25m vrystaande telekommunikasie basisstasie met meegaande infrastruktuur toe te laat ingevolge Artikel 15 van Bergrivier Munisipaliteit Verordening Insake Munisipale Grondgebruikbeplanning;

   2.3 Alle relevante goedkeuring ingevolge toepaslike wetgewing verkry word voor aanvangs van aktiwiteite en/of oprigting van toerusting/ strukture en bewyse hiervan ingedien word by hierdie munisipaliteit;

   2.4 Wanneer Eagle Towers SA (Pty) Ltd 'n aansoek vanaf 'n moontlike huurder ontvang om Wi-Fi Dienste vanaf 'n Eagle Tower te verskaf wat binne die Bergrivier Munisipale gebied geleë is, moet Bergrivier Munisipaliteit die geleentheid gebied word om te bepaal of Wi-Fi gaan inmeng op munisipale rekenaar netwerk of nie, alvorens Eagle Towers SA (Pty) Ltd die aansoek oorweeg;

3. Dat alle kostes verbonde aan punt no. 2.1 en 2.3 vir Eagle Towers SA (Pty) Ltd sal wees;

4. Dat onderverhuring toegelaat word aan Eagle Towers SA (Pty) Ltd;

5. Dat Eagle Towers SA (Pty) Ltd verantwoordelik sal wees vir jaarlikse inspeksies van die telekommunikasie basisstasie om strukturele integriteit, regstellings ooreenkomstig te doen en gereelde instandhouding waarvan

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

die kostes vir hul sal wees;

6. Dat Eagle Towers (SA) Pty Ltd verantwoordelik sal wees om alle strukture/toerusting te verwyder en die gedeelte grond te rehabiliteer na verstryking van die huurtermyn of indien die struktuur in onbruik verval;

7. Dat hierdie munisipaliteit nie verantwoordelik gehou sal word vir enige skade of verliese gelei deur die voorgestelde verhuring van grond, maar dat Eagle Towers (Pty) Ltd, enige eise wat veroorsaak word ten opsigte van beserings aan die publiek tydens die konstruksie en tydens die huurtermyn deur die voorgestelde telekommunikasie basisstasie en meegaande infrastruktuur deur Eagle Towers SA (Pty) Ltd se publieke aanspreeklikheid versekering gedek sal word; en

8. Dat plaaslike arbeid waar moontlik gebruik word tydens konstruksie van infrastruktuur en dat bewyse van indiensneming aan hierdie munisipaliteit voorsien word as bewys daarvan.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN032/05/2018**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN) (PTV. 2965, 2966 & 2967)</u>**
**7/2/3/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad nie die betrokke grond verder benodig as voetganger deurgang nie, weens wetstoepassing probleme en ongeruimdhede wat daar plaasvind;

2. Dat die Raad se intensie om die voorgestelde voetganger deurgang tussen Protea en DJ Pearce Laan (Erwe 2965 en 2966) te vervreem teen munisipale waardasie (R1000.00 onderskeidelik) aan die aangrensende eienaars van Erf 2209 Porterville (Mnr K George) en Erf 2704 Porterville (Mnr & Mev Snel) geadverteer word vir 30 dae publieke kommentaar en vertoë en indien geen beswaar ontvang word daar voortgegaan word met punt nommer 3;

3. Dat toestemming verleen word aan die aangrensende eienaars om voort te gaan met 'n hersonering en konsolidasie aansoek vir die gedeeltes grond ('n gesamentlike aansoek kan ingedien word deur beide eienaars ten einde kostes te bespaar);

4. Dat alle kostes verbonde aan hersonering, konsolidasie en registrasie kostes by die Landmeter Generaal, asook Aktekantoor vir die kostes van die betrokke eienaars van erwe 2209 en 2704 Porterville onderskeidelik sal wees; en

5. Dat 'n alternatiewe kennisgewingbord aangebring word op die perseel om die publiek in kennis te stel dat die voetoorgang gesluit sal word.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

***

***(Voordat die item 'n aanvang neem, verlaat Raadsdame Smit die vergadering)***

**RVN033/05/2018**
**PROPOSED REPEAL AND REPLACEMENT OF THE BERGRIVIER MUNICIPALITY: LIQUOR TRADING DAYS AND HOURS BY-LAW**
**1/2/1**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the content of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality: Liquor Trading Days and Hours By-Law, published in the Provincial Gazette 7118 on 12 April 2013, be repealed and replaced with the proposed By-Law Relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public, as presented to Council;
3. That in terms of section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed By-Law Relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public be published (advertised and communicated) for public representations;
4. That the proposed By-Law Relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public and any representations received, be submitted to Council for consideration after publication thereof;
5. That the delegation relating to decision-making regarding applications for extended trading hours in the current Bergrivier Municipality: Liquor Trading Days and Hours By-Law, published in the Provincial Gazette 7118 on 12 April 2013, be delegated to the Municipal Manager and where no objections received, sub-delegated to the Manager: Planning and Environmental Management; and
6. That the delegation relating to Enforcement in the current Bergrivier Municipality: Liquor Trading Days and Hours By-Law, published in the Provincial Gazette 7118 on 12 April 2013, be delegated to the Municipal Manager and sub-delegated to the Compliance Officer in collaboration with the Law Enforcement Officials.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

***(Na afloop van bogenoemde besluit sluit Raadsdame Smit weer aan by die vergadering)***

**RVN034/05/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF): NEW 5 YEAR MSDF 2018-2023: STATUS QUO**
**15/1/5/9**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council adopt the *status quo* report compiled by **Setplan** for the compilation of the new Bergrivier Municipality: Municipal Spatial Development Framework 2018-2023 as required in terms of Section 6(2) of the Bergrivier Municipality: By-Law relating to Municipal Land Use Planning.

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

***

**RVN035/05/2018**
**VIREMENTS / AMENDMENTS TO THE GRANT-IN-AID ALLOCATIONS**
**5/1/B,5/1/1**

The Acting Executive Mayor gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by Council.

Alderman Claassen requested that he be invited to the meeting that will took place with the Bergrivier Sport Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council approves that the funding of R40,000 of Velddrif Sport Council be viremented and transferred to Bergrivier Sport Council; and
2. That Council approves that the funding of R18,750 of Piketberg Animal Welfare be viremented and transferred to Velddrif Animal Care.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN036/05/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2018**
**5/1/B,5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the Monthly Budget Statement and supporting documentation for February 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN037/05/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MARCH 2018**
**5/1/B,5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the Monthly Budget Statement and supporting documentation for March 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN038/05/2018**
**WYSIGINGS IN DIE WYKSKOMITEE-BELEID**
**2/B**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die gewysigde Wykskomitee-beleid.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN039/05/2018**
**REGENERATION OF THE MAIN ROAD IN PORTERVILLE: A COMPETITION FOR THE BEST PROPOSAL**
**16/3/2**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

Furthermore she thanked the Councillors and the Manager: Strategic Services for their inputs made to the project.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the competition of the main road, Porterville.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 14:40)***

**RVN040/05/2018**
**VORDERINGSVERSLAG: CWP (COMMUNITY WORKS PROGRAMME)**
**5/7/15**

Die Speaker lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, ter inligting aan die Raad.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raad.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Vorderingsverslag: CWP ("Community Works Programme")

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN041/05/2018**
**2017-2022 FOURTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN: FIRST REVIEW 2018/19**
**15/1/5/5**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

She thanked the Manager: Strategic Services and all the officials for their inputs made to the 2017-2022 Fourth Generation Integrated Development Plan.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That the First Review of the Fourth Generation Integrated Development Plan (IDP) (2018/19) for Bergrivier Municipality be approved in terms of section 34 of the Municipal Systems Act, 2000 (No 32 of 2000).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN042/05/2018**
**GOEDKEURING VAN FINALE BEGROTING 2018/19, 2019/20 EN 2020/21**
**15/1/1**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en neem die Raad puntsgewys deur die verslag, soos voorgelê.

Met toestemming deur die Speaker bedank die waarnemende Uitvoerende Burgemeester die Munisipale Bestuurder, Direkteure, Bestuurder: Strategiese Dienste, haar span en alle Senior Bestuurders vir die fasilitering van die Wykskomiteevergaderings.

Ten slotte bedank sy die Begrotingskantoor vir hul bereidwilligheid en geduld ten opsigte van die begrotingsproses.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1) That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

   a) The annual budget of the municipality for the financial year 2018/19 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

      i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;
      ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;
      iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4;
      iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5;

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/ accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:
   i) Budgeted Financial Position – Table A6;
   ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;
   iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;
   iv) Asset management – Table A9;
   v) Basic service delivery measurement – Table A10;

2) That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2018:

   a) the tariffs for property rates;
   b) the tariffs for electricity;
   c) the tariffs for the supply of water;
   d) the tariffs for sanitation services;
   e) the tariffs for solid waste service;

3) That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2018 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document;

4) That to give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

   a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;

   b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2018/19 financial year limited to an amount of R6.950 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act;

   c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme;

5) That the following policies was reviewed and the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts the following existing policies:

   a) Asset management policy;
   b) Cash Management and Investment policy;
   c) Credit control and Debt collection policy;
   d) Property Rates policy;
   e) Tariff policy;
   f) Virement policy;

g) Property Rates By-Law;
h) Supply Chain Management policy;
i) Borrowing Policy;
j) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy;
k) Budget Implementation and Monitoring Policy.

***

**RVN043/05/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 12 APRIL 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 12 April 2018.

***

**RVN044/05/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 24 APRIL 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 24 April 2018.

***

**RVN045/05/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN046/05/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN047/05/2018**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:45*

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

*VOORSITTER*
*(SPEAKER)*

BERGRIVIER
26 JUN 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

*DATUM*